BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# VERANDER JOU WÊRELD

## Deel 4 – Deel Jou Hoop

### Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

---

---

**Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy wou gee die afgelope week?**

---

---

### Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Wat is een van jou beste herinneringe as kind? Hoekom?**

---

---

---

**Wat is jou gunsteling koek, of poeding, of restaurant, of vakansie bestemming? Hoekom is dit jou gunsteling? Watter goeie assosiasie het jy saam met dit? Hoekom moet ander mense dit probeer?**

---

---

---

**Hoekom dink jy is dit soms maklik om te praat oor wat ons gunsteling vakansie bestemming of eetding of restaurant is, maar ons sukkel om te praat oor Jesus wat ons lewens kom verander het?**

---

---

---

---

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**1 Petrus 3:15. Dink jy, jy is gereed om 'n antwoord te gee? Hoe weet 'n mens of jy gereed is?**

---

---

---

**Romeine 10:14 (lees in verskeie vertalings, asook in *Die Boodskap* vertaling). Watter leemte los dit in mense se lewens as ons nie oor Jesus getuig nie?**

---

---

---

**Matteus 24:14. Watter invloed het die spoed van ons evangelisasie op die voltooiing van tyd? Kan ons dus bydra dat Jesus vinniger terugkom? Verduidelik.**

---

---

---

**Efesiërs 2:12-13. Wat kan mense sonder Jesus nie beleef volgens hierdie vers? Wat gebeur as mense Jesus ontmoet volgens vers 13? Watter invloed het ons getuienis in mense se ervaring hiervan?**

---

---

---

**Handelinge 4:12. Hoekom is belangrik dat ons, as volgelinge van Jesus, hierdie vers onthou?**

---

---

---

**2 Petrus 3:9. Sou jy sê jou hart is in lyn met God se begeerte soos in hierdie vers vervat? Hoe lyk dit prakties in jou lewe?**

---

---

---

**Kolossense 4:2-6. Vir watter mense bid jy vir 'n oop deur en vir watter mense bid jy vir 'n geleentheid om met hulle te praat oor die Here Jesus? Hoe gereeld bid jy vir dit? Hoe gereeld probeer jy 'n gesprek in die rigting van Jesus stuur met hierdie mense?**

---

---

---

**Het jy al ooit jou getuienis neergeskryf? Doen dit hierdie week en deel dit met jou groep. Laat hulle vrae vra en vir jou terugvoer gee oor aanpassings wat jy moontlik kan maak voor jy dit met iemand anders deel.**

**Lees Psalm 96:2. Hoe kan jy elke dag hierdie week iets deel van wat die Here vir jou al gedoen het? Met wie kan jy dit deel?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**